basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GEOGRAFIE V2

## NOVEMBER 2023

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.

   AFDELING A
   VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS (60)
   VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA (60)

   AFDELING B
   VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE (30)

2. Beantwoord AL DRIE vrae.

3. ALLE diagramme is by die VRAESTEL ingesluit.

4. Laat 'n reël oop tussen onderafdelings van vrae wat jy beantwoord.

5. Begin ELKE vraag boaan 'n NUWE bladsy.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. MOENIE in die kantlyne van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

8. Teken volledig benoemde diagramme wanneer dit vereis word.

9. Antwoord in VOLSINNE, behalwe waar jy moet noem, identifiseer of 'n lys moet maak.

10. Die maateenhede MOET in jou finale antwoord aangedui word, bv. 1020 hPa, 14 °C en 45 m.

11. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

12. Jy mag 'n vergrootglas gebruik.

13. Skryf netjies en leesbaar.

## SPESIFIEKE INSTRUKSIES EN INLIGTING VIR AFDELING B

14. 'n 1 : 50 000 topografiese kaart 3325DC & DD & 3425BA GQEBERHA (PORT ELIZABETH) en 'n 1 : 10 000 ortofotokaart 3325 DC 23 GQEBERHA (PORT ELIZABETH) word voorsien.

15. Die gebied wat met ROOI/SWART op die topografiese kaart afgebaken is, stel die gebied voor wat deur die ortofotokaart gedek word.

16. Toon ALLE berekeninge. Punte sal vir stappe in berekeninge toegeken word.

17. Jy moet die topografiese kaart en die ortofotokaart aan die einde van hierdie eksamensessie by die toesighouer inlewer.

## AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

## VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

1.1 Kies 'n term/konsep uit KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (**Y** of **Z**) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.8 Y.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 1.1.1 | Die funksie van 'n landelike nedersetting | **Y** multifunksioneel<br>**Z** enkelfunksioneel |
| 1.1.2 | Die standplaas van 'n nedersetting | **Y** die presiese stuk grond wat deur 'n nedersetting beset word<br>**Z** die ligging van 'n nedersetting in verhouding met sy omgewing |
| 1.1.3 | Doel van grondhervorming in Suid-Afrika | **Y** verhoog toegang tot water<br>**Z** verlaag armoede |
| 1.1.4 | Verseker gemeenskaplike regte tot grond vir plaaswerkers | **Y** grondbesit<br>**Z** grondherverdeling |
| 1.1.5 | Regering ken grond aan voorheen benadeelde mense toe | **Y** grondrestitusie<br>**Z** grondherverdeling |
| 1.1.6 | Uitdaging wat met grondhervorming geassosieer word | **Y** gewillige koper/verkoper-klousule<br>**Z** meer kommersiële boere |
| 1.1.7 | Die gevolg van goed bestuurde grondhervorming | **Y** gelyke toegang tot grond<br>**Z** ongelyke toegang tot grond |


(7 x 1) (7)

1.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.9 D.

1.2.1 'n Sentraleplekdorp …

A bied hoë-orde-goedere en -dienste.
B bied slegs landelike funksies.
C bedien die omliggende landelike gebied.
D bedien slegs die stedelike gebied.

1.2.2 **A** word geklassifiseer as 'n lae-orde-item in vergelyking met **B** omdat **A** …




[Bron: https://www.google.com/low/high-order goods]

A 'n luukse item is en nie daagliks benodig word nie.
B 'n laer prys het en gereeld verbruik word.
C nie-bederfbaar is en nie verbruik word nie.
D 'n hoër prys het en minder gereeld aangekoop word.

1.2.3 Reikwydte verwys na die … om 'n produk aan te koop.

A minimum afstand gereis
B minimum klante benodig
C maksimum afstand gereis
D maksimum klante benodig

1.2.4 Die reikwydte van 'n hoë-orde-item is … daarvan.

A klein as gevolg van die daaglikse gebruik
B groot as gevolg van die daaglikse gebruik
C klein as gevolg van die hoë prys
D groot as gevolg van die hoë prys

1.2.5 … verwys na die minimum aantal klante benodig om 'n besigheid winsgewend te maak.

A Sentrale plek
B Drempelbevolking
C Reikwydte van goedere
D Invloedsfeer


1.2.6 Die drempelbevolking van 'n kruidenierswinkel is …

A laag, want dit het meer hoë-orde-goedere.
B hoog, want dit het meer lae-orde-goedere.
C hoog, want dit het meer hoë-orde-goedere.
D laag, want dit het meer lae-orde-goedere.

1.2.7 Die gebied vanwaar 'n nedersetting sy kliënte trek, is die …

A drempelbevolking.
B invloedsfeer.
C diensarea.
D maksimum reikwydte.

1.2.8 Die invloedsfeer van 'n stad is groter as 'n dorpie, want dit het 'n …





[Bron: https://www.google.com/search?sphere of influence]

(i) bevolking van 1 000.
(ii) kleiner radius.
(iii) bevolking van 100 000.
(iv) groter radius.

A (i) en (ii)
B (ii) en (iii)
C (ii) en (iv)
D (iii) en (iv) (8 x 1) (8)

1.3 Verwys na die uittreksel en grafiek hieronder wat op landelike ontvolking gebaseer is.

**ONTVOLKING IN DIE ALFRED NZO-DISTRIKMUNISIPALITEIT**




[Bron: Eksaminator se eie skets]

Dorpies in die Alfred Nzo-distrikmunisipaliteit in die afgeleë Oos-Kaap dek duisende hektaar al langs die N2 (nasionale roete). Uiterste sosiale en ekonomiese armoede kom in hierdie dorpies voor. Dit is 'n algemene probleem in baie ander dele van landelike Suid-Afrika. Die Alfred Nzo-distrikmunisipaliteit is die armste landelike streek in die land, waar meer as 65% van die mense onder die broodlyn ('poverty line') leef en 70% van die bevolking nie ekonomies aktief is nie.

Hierdie uiterste sosiale en ekonomiese toestande word vererger deur beperkte toegang tot dienste, veral water, gesondheidsorg en opvoeding. Minder ekonomiese aktiwiteite het 'n negatiewe sosiale en ekonomiese impak op die gebied. Landelike nedersettings is nie meer 'n aantreklike opsie vir landelike inwoners nie.

[Aangepas uit mg.co.za]

1.3.1 Watter bewys op die grafiek dui aan dat landelike ontvolking vanaf 2020 plaasgevind het? (1 x 1) (1)

1.3.2 Noem TWEE sosiale dienste in die uittreksel waaraan daar 'n tekort is die Alfred Nzo-distrik. (2 x 1) (2)

1.3.3 Gee TWEE moontlike redes vir die gebrek aan sosiale dienste in die Alfred Nzo-distrik. (2 x 2) (4)

1.3.4 Waarom ervaar landelike nedersettings 'n negatiewe ekonomiese impak as gevolg van landelike ontvolking? (2 x 2) (4)

1.3.5 Stel volhoubare maatreëls voor wat deur munisipaliteite van landelike gebiede geïmplementeer kan word om hierdie negatiewe ekonomiese impak te verklein. (2 x 2) (4)

1.4 Verwys na die uittreksel, foto **A** en skets **B** gebaseer op kommersiële desentralisasie.


**SSK-DESENTRALISASIE HIER OM TE BLY**

'n Sentrale sakekern (SSK) is die oorspronklike kommersiële sakesentrum van 'n stad. Daar is nou baie afgeleë sakegebiede (ASG) as gevolg van kommersiële desentralisasie. Buiten die fisiese uitbreiding van stedelike nedersettings wat SSK's moeiliker maak om te bereik, sluit die oorsake vir die groeiende desentralisasie van besighede hoë huur, misdaad, besoedeling en die gebrek aan parkering in.

Goed geleë gedesentraliseerde nodusse bly gewild vir besighede wat op soek is na veilige persele vir hulle maatskappye, park-tipe omgewings en voldoende parkeerfasiliteite. Besigheidsparke, inkopiesentrums in woonbuurte (buurtinkopiesentrum) en streeksinkopiesentrums is dikwels naby aan gesogte residensiële areas (voorstede) wat 'n klantebasis verskaf.

[Aangepas uit *Deccan Chronicle* by GA Rice, in *International Encyclopaedia of Human Geography*]




[Bron: https://www.google.com/search?tbs=sbi:AMhZZivd3Zv_1RXZ2VGag]

1.4.1 Definieer die konsep *kommersiële desentralisasie.* (1 x 2) (2)


1.4.2 Noem EEN faktor sigbaar in die SSK (foto **B**) wat kommersiële desentralisasie aanmoedig. (1 x 1) (1)

1.4.3 Hoe lei hoë huur en misdaad (in die uittreksel genoem) tot toenemende kommersiële desentralisasie? (2 x 2) (4)

1.4.4 Verduidelik waarom inkopiesentrums in woonbuurte 'n aantreklike opsie vir die ligging van besighede is. (2 x 2) (4)

1.4.5 Hoe kan die toename in die aantal inkopiesentrums in woonbuurte 'n negatiewe impak op besighede in die SSK hê? (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na die bron hieronder oor die invloed van publieke (openbare) vervoer op verkeersopeenhopings.




**DIE IMPAK VAN PUBLIEKE VERVOER OP VERKEERSOPEENHOPINGS**

Die gebruik van publieke vervoer word aangemoedig omdat dit verkeersopeenhopings verminder.

In Suid-Afrika is die algemeenste vorm van publieke vervoer die gebruik van minibustaxi's. Alhoewel publieke vervoer (bv. minibustaxi's en busse) 'n waardevolle rol in die vermindering van die aantal privaat voertuie op die pad speel, word dit met 'n aantal uitdagings geassosieer. Hierdie uitdagings word geassosieer met ekonomiese ongeregtighede vir pendelaars*.

**Woordelys:**
*pendelaars: mense wat daagliks van die huis na die werk reis

[Bron: Eksaminator se eie skets]

1.5.1 Volgens die bron, watter tipe vervoer sal die meeste verkeersopeenhopings veroorsaak? (1 x 1) (1)

1.5.2 Gee 'n rede vir jou antwoord op VRAAG 1.5.1. (1 x 2) (2)

1.5.3 Hoe kan verbeterde publieke vervoerstelsels verkeers-opeenhopings verminder? (2 x 2) (4)

1.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik waarom die gebruik van openbare vervoer soos minibustaxi's en busse 'n ekonomiese ongeregtigheid (kwelpunt) vir pendelaars kan wees. (4 x 2) (8)

**[60]**

## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.1.8 Mynbou.

2.1.1 Mynbou is 'n voorbeeld van 'n (primêre/sekondêre) ekonomiese aktiwiteit.

2.1.2 Die prys van minerale fluktueer in die mynboubedryf as gevolg van die (buitelandsevaluta/buitelandsebeleggings)-koers.

2.1.3 (Geotermiese gradiënt/Ongeskoolde arbeid) is 'n voorbeeld van 'n fisiese faktor wat mynbou beïnvloed.

2.1.4 Platinum is 'n voorbeeld van 'n (hernubare/niehernubare) hulpbron.

2.1.5 Platinum word in Suid-Afrika in die (Wes-Kaap/Noordwes) ontgin.

2.1.6 Platinum word as 'n grondstof in die produksie/opwekking van (krag/juwele) gebruik.

2.1.7 (Arbeidsonrus/Arbeidsbeskikbaarheid) in Suid-Afrika het 'n negatiewe invloed op die produksie van platinum. (7 x 1) (7)

2.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.2.1 tot 2.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 2.2.9 D.

2.2.1 Daar word ook na die tersiêre sektor as die … sektor verwys.

A informele
B diens-
C gesondheid-
D vervoer-

2.2.2 'n Voorbeeld van 'n aktiwiteit in die tersiêre sektor is …

A die ontginning van goud.
B die vervaardiging van wyn.
C buitelandse valuta.
D die inlê van bone.

2.2.3 Lande wat deur die tersiêre sektor gedomineer word, weerspieël 'n …

(i) hoogs geskoolde arbeidsmag.
(ii) swak geskoolde arbeidsmag.
(iii) effektiewe vervoerstelsel.
(iv) verskeidenheid mynaktiwiteite.

A (i) en (ii)
B (ii) en (iv)
C (i) en (iii)
D (iii) en (iv)


2.2.4 Die kontraktuele ooreenkoms tussen lande met betrekking tot hulle handelsverhouding staan as 'n … bekend.

A handelsooreenkoms
B betalingsbalans
C handelstrategie
D handelsbalans

2.2.5 Goedere wat binne 'n land geruil word, staan as … handel bekend.

A internasionale
B streeks-
C binnelandse
D provinsiale

2.2.6 Die tipe handel wat op die kaart getoon word, is … handel.




[Aangepas uit https://www.freepik.com/colorful-world-map]

A nasionale
B streeks-
C binnelandse
D internasionale

2.2.7 Die ekonomiese nadeel van die invoer van goedere:

A Skepping van plaaslike werksgeleenthede
B Plaaslike produksie ly daaronder
C Goedere raak goedkoper
D Groei van plaaslike nywerhede

2.2.8 'n Voordeel van Suid-Afrika wat 'n gunstige handelsbalans het:

(i) Buitelandse kapitaal verminder
(ii) Werksgeleenthede word geskep
(iii) Werkers verloor hulle werk
(iv) Stimuleer ekonomiese groei

A (i) en (ii)
B (iii) en (iv)
C (i) en (iii)
D (ii) en (iv) (8 x 1) (8)


2.3 Verwys na die infografika oor mielieboerdery in Suid-Afrika hieronder.

**MIELIEBOERDERY IN SUID-AFRIKA**

Meer as 10 miljoen ton mieliegraan word jaarliks in Suid-Afrika op ongeveer 3,1 miljoen hektaar (ha) land geproduseer. Die helfte van die produksie bestaan uit wit mielies vir menslike voedselverbruik. Mielies benodig 450 tot 600 mm reënval per seisoen, wat meestal uit grondvogreserwes verkry word. Die uitdagings in mielieproduksie sluit onder andere wisselinge in omgewings- en klimaatsomstandighede, swak grond, arbeidskwessies en lae-opbrengs-sade in.




[Aangepas uit https:/www.google.com/Maize farming]




2.3.1 Noem die vernaamste mielieproduserende provinsie (**A**) in Suid-Afrika. (1 x 1) (1)

2.3.2 Verwys na die grafiek. Vergelyk die hoeveelheid mielies wat geproduseer word met die hoeveelheid wat uitgevoer word. (1 x 2) (2)

2.3.3 Waarom het Suid-Afrika 'n groot binnelandse (plaaslike) mark vir mielies? (2 x 2) (4)

2.3.4 Hoe sal klimaatsfaktore mielieproduksie verminder? (2 x 2) (4)

2.3.5 Verduidelik die ekonomiese belangrikheid van mielieproduksie vir die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na die infografika oor die Port Elizabeth-Uitenhage-kernnywerheidstreek en die Coega-nywerheidsontwikkelingsone (NOS) hieronder.

**PORT ELIZABETH-UITENHAGE-NYWERHEIDSTREEK**


Terwyl die motorsektor aanhou om te domineer, hou die Coega-nywerheidsontwikkelingsone die sleutel tot die uitbreiding en diversifikasie van die nywerhede* van die Port Elizabeth-Uitenhage-kernnywerheidstreek.

Die langtermynteenwoordigheid van Volkswagen en Isuzu is opgehef deur 'n multifase-R11 miljard-belegging deur Beijing Automotive Group (BAIC) by die nywerheidsontwikkelingsone (NOS).


**Woordelys:**
*diversifikasie van die nywerhede: laat 'n groter verskeidenheid nywerhede toe om in hierdie area te vestig

[Aangepas uit globalafricannetwork.com]

**KAART VAN PORT ELIZABETH-UITENHAGE-KERNNYWERHEIDSTREEK EN DIE COEGA-NOS**




**TYDLYN VAN COEGA-VERWANTE KOERANTOPSKRIFTE**




[Aangepas uit https://www.googlr.com/search?q=images Port Elizabeth]

2.4.1 Noem die tipe vervoer-infrastruktuur op die kaart aangedui, wat die ligging van die Port Elizabeth-Uitenhage-kernnywerheidstreek begunstig. (1 x 1) (1)

2.4.2 Die (primêre/sekondêre) sektor domineer die ekonomie van die Port Elizabeth-Uitenhage-kernnywerheidstreek. (1 x 1) (1)

2.4.3 Noem EEN groot maatskappy in die uittreksel wat in die Port Elizabeth-Uitenhage-kernnywerheidstreek belê het. (1 x 1) (1)


2.4.4 Haal TWEE opskrifte uit die tydlyn van die Coega-verwante koerantopskrifte aan wat toon dat diversifikasie van nywerhede plaasvind. (2 x 1) (2)

2.4.5 Hoe sal hierdie diversifikasie van nywerhede die arbeidsmag in die Port Elizabeth-Uitenhage-kernnywerheidstreek bevoordeel? (2 x 2) (4)

2.4.6 Verduidelik waarom die Coega-nywerheidsontwikkelingsone 'n aantreklike ligging vir beleggings deur oorsese maatskappye sal wees. (3 x 2) (6)

2.5 Verwys na die uittreksel en grafiek oor die informele sektor hieronder.

**INFORMELE SEKTOR**




Die oorgrote meerderheid van informelesektor-ondernemers (73%) verdien ver onder die inkomstebelasting (persoonlike belasting betaalbaar aan die regering) se drempelwaarde van R79 000 per jaar, wat deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID/'SARS') bepaal word.

Boonop betaal baie informelesektor-werkers, veral diegene in kleinhandel, BTW (belasting betaal vir goedere aangekoop). Anders as hulle eweknieë in die formele sektor kan hulle egter nie hierdie bedrae van die belastingowerhede terugeis nie.

Permitte laat mense toe om wettig handel te dryf. Die wettige vereiste wat informele handelaars aanmoedig om permitte te kry, kry egter teenstand (wil dit nie hê nie).

Dit is die moeite werd om die informele sektor te ondersteun, want dit vorm 'n groot deel van die arbeidsmag. Verder, alhoewel die inkomste in die informele sektor dikwels baie laag is, is hierdie tipe indiensneming veral belangrik om huishoudings bo die broodlyn te hou.

[Aangepas uit *The Conversation*, Rhodes University, Mike Rogan/Caroline Skinner]

2.5.1 Volgens die grafiek, watter persentasie van Suid-Afrika se bevolking word as die informele sektor geklassifiseer? (1 x 1) (1)

2.5.2 Gee ekonomiese redes wat tot so 'n groot informele sektor in Suid-Afrika gelei het. (2 x 1) (2)

2.5.3 Verduidelik die ekonomiese belangrikheid van die informele sektor. (2 x 2) (4)


2.5.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, stel strategieë voor wat geïmplementeer kan word om die informele sektor te verbeter. (4 x 2) (8)
**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

## AFDELING B

## VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

### ALGEMENE INLIGTING OOR GQEBERHA (PORT ELIZABETH)




Koördinate: 33°57'S; 25°36'O

Gqeberha (Port Elizabeth) is 'n belangrike seehawe (hawe) en 'n dig bevolkte stad in die Oos-Kaap in Suid-Afrika. Dit lê by Algoabaai in die Indiese Oseaan.

Die residensiële gebied is op plat grond, met 'n industriële sektor by North End. Gqeberha word gekenmerk deur 'n groot aantal groen gordels.

Die Coega-nywerheidsontwikkelingsone is naby Gqeberha geleë. Dit het 'n wêreldklas-infrastruktuur wat voorsiening maak vir toenemende toeganklikheid tot dienste en nywerhede vir die res van die wêreld.

[Bron: https://www.google.com/search?q Port Elizabeth]

Die volgende Engelse terme en hulle Afrikaanse vertalings word op die topografiese kaart getoon:

| **ENGLISH** | **AFRIKAANS** |
|---|---|
| International airport | Internasionale lughawe |
| River | Rivier |
| Bridge | Brug |
| Furrow | Voor |
| Golf course | Gholfbaan |
| Firebreak | Voorbrandstrook |

## 3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 Die skaal van die ortofotokaart:

A 1 cm verteenwoordig 100 m
B 1 cm verteenwoordig 100 cm
C 1 m verteenwoordig 500 m
D 1 cm verteenwoordig 500 cm (1 x 1) (1)

3.1.2 Die koördinate van die stadion by **F** in blok **B4** op die topografiese kaart is ongeveer …

A 33°56'19''S en 25°37'00''O.
B 33°55'19''S en 25°35'00''O.
C 33°56'19''S en 25°36'00''O.
D 33°57'19''S en 25°34'00''O. (1 x 1) (1)

Verwys na die ortofotokaart.

3.1.3 Bereken die afstand van die aanloopbaan in meter (m) tussen **6** en **7** op die ortofotokaart.

Formule: **Werklike afstand = Kaartafstand x Kaartskaal** (2 x 1) (2)

3.1.4 Waarom vertoon die aanloopbaan tussen **6** en **7** groter op die ortofotokaart in vergelyking met die topografiese kaart? (1 x 1) (1)

3.1.5 Verwys na die topografiese kaart. Gebruik die inligting hieronder om die magnetiese deklinasie vir 2023 te bereken.


**Verskil in jaar:** 2023 – 2021 = 2 jaar (4 x 1) (4)

3.1.6 Wat is die doel daarvan om die magnetiese deklinasie (MD) vir die huidige jaar te bereken? (1 x 1) (1)

## 3.2 KAARTINTERPRETASIE

Verwys na die foto's (**Y** en **Z**) hieronder van residensiële gebiede in Gqeberha (Port Elizabeth).

**Y**



**Z**



[Bron: https://www.google.com/search?qWalmer]

3.2.1 (a) Watter foto, **Y** of **Z**, pas by die residensiële gebied **G** op die topografiese kaart? (1 x 1) (1)

(b) Gee bewyse uit die topografiese kaart om jou antwoord op VRAAG 3.2.1(a) te staaf. (1 x 2) (2)

Gqeberha (Port Elizabeth) het 'n aantal groen gordels.

3.2.2 (a) Gee 'n voorbeeld van EEN tipe groen gordel op die topografiese kaart. (1 x 1) (1)

(b) Hoe verminder groen gordels die omgewingsongeregtighede in Gqeberha (Port Elizabeth)? (1 x 2) (2)

Gqeberha (Port Elizabeth) word deur ligte en swaar nywerhede gekenmerk.

3.2.3 (a) Gee bewyse uit die topografiese kaart dat North End, **H** in blok **A4** en **B4**, 'n swaarnywerheidsgebied is. (1 x 1) (1)

(b) Identifiseer die mensgemaakte verskynsel wat die North End-nywerheidsgebied, **H**, sal beperk om verder na die noorde uit te brei. (1 x 1) (1)

(c) Hoe sal werksgeleenthede wat deur nywerheidsgebied **H** geskep is, tot ekonomiese voordeel vir die plaaslike gebied wees? (1 x 2) (2)

Verwys na die topografiese kaart en die ortofotokaart.

3.2.4 Waarom is die lughawe in die landelik-stedelike oorgangsone van Gqeberha (Port Elizabeth) geleë? (1 x 2) (2)

## 3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSELS (GIS)

Verwys na blok **D2** op die topografiese kaart.

3.3.1 Gee bewyse dat bufferskepping in blok **D2** plaasvind. (1 x 1) (1)

3.3.2 Wat is die doel van bufferskepping in hierdie blok? (1 x 2) (2)

Verwys na blok **B1** op die topografiese kaart.

3.3.3 Wat is 'n *datalaag*? (1 x 2) (2)

3.3.4 Identifiseer die vervoer-datalaag in blok **B1**. (1 x 1) (1)

Verwys na **I** in blok **B1**.

3.3.5 Waarom sal die vervoer-datalaag (antwoord op VRAAG 3.3.4) verkeersopeenhopings veroorsaak? (1 x 2) (2)

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GEOGRAFIE V2

## NOVEMBER 2023

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 12 bladsye**

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS EN EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

## VRAAG 1: LANDELIKE EN STEDELIKE NEDERSETTINGS

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | Z (1) | |
| | 1.1.2 | Y (1) | |
| | 1.1.3 | Z (1) | |
| | 1.1.4 | Y (1) | |
| | 1.1.5 | Z (1) | |
| | 1.1.6 | Y (1) | |
| | 1.1.7 | Y (1) | (7 x 1) (7) |
| 1.2 | 1.2.1 | C (1) | |
| | 1.2.2 | B (1) | |
| | 1.2.3 | C (1) | |
| | 1.2.4 | D (1) | |
| | 1.2.5 | B (1) | |
| | 1.2.6 | B/D (1) | |
| | 1.2.7 | B (1) | |
| | 1.2.8 | D (1) | (8 x 1) (8) |

1.3 1.3.1 Afname/vermindering van/in die bevolking in landelike gebiede (1) (1 x 1) (1)

1.3.2 *Noem TWEE sosiale dienste*

Gesondheidsorg (1)
Opvoeding (1)
Water (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

1.3.3 *Gee TWEE moontlike redes vir gebrek aan sosiale dienste in die Alfred Nzo streek*

Nie lewensvatbaar weens lae bevolkingsdigtheid/ Minder mense (oor uitgestrekte area) (2)
Onvoldoende munisipale begrotings/ Geen geld (2)
Swak infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)
Beperkte vaardige/professionele personeel (brein kwyn) (2)
Korrupsie (in munisipaliteite) (2)
Diefstal / vandalisme van bestaande infrastruktuur (2)
Mees verarmde landelike area/ leef onder die armoedegrens (aanvaar voorbeelde)
Gebrek aan (privaat) belegging/ Landelike gebiede nie 'n prioriteit nie/ nie aantreklik vir beleggers nie (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.3.4 *Waarom ervaar landelike nedersettings `n negatiewe ekonomiese impak?*

Jong volwassenes trek (2)
Afname in beskikbare arbeidsmag (2)
Vaardige mense trek/Brein kwyn (2)
Meer ou mense word agter gelaat (2)
Afname in voedselproduksie (2)
Afname in inkomste van uitvoere (2)
Basiese dienste maak toe (aanvaar voorbeelde) (2)
Daar is 'n afname in die waarde van eiendom (2)
Minder ekonomiese aktiwiteite (aanvaar voorbeelde) (2)
Afname in werksgeleenthede (2)
Verminderde koopkrag (laer salarisse) / minder kliënte (2)
Hulpbronne word onderbenut (aanvaar voorbeelde) (2)
Gebrek aan beleggings (2)
Plase sal verlate raak (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.3.5 *Stel volhoubare maatreels van munisipaliteite voor om negatiewe ekonomiese impak te verklein*

Hul kan meer basiese dienste verskaf (aanvaar voorbeelde) (2)
Hul kan meer infrastruktuur verskaf (aanvaar voorbeelde) (2)
Skep meer werksgeleenthede (aanvaar voorbeelde) (2)
Lok nywerhede na landelike areas (2)
Stimuleer die ontwikkeling van tuisnywerhede (2)
Stimuleer die ekotoerisme/toerisme-sektor (aanvaar voorbeelde)
Moedig sport en kulturele byeenkomste aan (aanvaar voorbeelde) (2)
Verskaf aansporings/subsidies (aanvaar voorbeelde) (2)
Versnel die proses van grondhervorming (aanvaar voorbeelde) (2)
Verhoog vaardigheid van boere en arbeiders (aanvaar voorbeelde) (2)
Geïntegreerde Landelike Ontwikkeling (aanvaar voorbeelde) (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.4 1.4.1 Definisie

Beweging van besighede uit die SSG na die voorstede/afgeleeë besigheidsentrums (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

**INSTRUKSIES VIR DEEL NASIEN**
Beweging van besighede uit die SSK (1)

1.4.2 Een faktor sigbaar in SSK wat kommersiele desentrasie aanmoedig

Hoë geboudigtheid (1)
Beperkte ruimte (1)
Gebrek aan estetiese aantrekkingskrag (aanvaar voorbeelde) (1)

**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

1.4.3 Hoe lei hoe huur en misdaad tot toenemend kommersiele desentralisasie

**Hoë huur:**
Kan nie die huur bekostig nie (2)
Verminder wins van besighede (2)
**Misdaad**:
Versekering is duurder (2)
Mense voel onveilig (2)
Verminderde kliëntebasis (aanvaar voorbeelde) (2)
Alarms/sekuriteit is duur (2)
Verlies in voorraad (2)
Beskadiging aan besighede (2)
Afname in winste (aanvaar winste) (2)
**[ENIGE TWEE – MOET HOË HUUR EN MISDAAD INSLUIT]** (2 x 2) (4)

1.4.4 Verduidelik waarom inkopiesentrums in woonbuurte `n aantreklike opsie vir die ligging van besighede is.

'n Verskeidenheid winkels onder een dak maak inkopies gerieflik (2)
Die nabyheid (aan kliënte/markte/werknemers) bespaar tyd/koste (2)
Dit het estetiese aantrekkingskrag (aanvaar voorbeelde) wat dit 'n aangename inkopie-ervaring maak (2)
Beskikbare parkeerplek maak inkopies gerieflike (aanvaar voorbeelde) (2)
Doeltreffende sekuriteit/toesig maak dit veiliger vir kliënte (aanvaar voorbeelde) (2)
Meer bekostigbare huur/goedkoper grond lei tot groter winste (2)
Makliker toeganklik (vir kliënte/werknemers) as gevolg van minder verkeersopeenhopings (2)
Klein aantal winkels wat dieselfde diens bied, lei tot minder kompetisie (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

**INSTRUKSIES VIR DEEL NASIEN- MAKSIMUM TWEE MERKE**
'n Verskeidenheid winkels onder een dak (1)
Die nabyheid (aan kliënte/markte/werknemers) (1)
Dit het estetiese aantrekkingskrag (aanvaar voorbeelde) (1)
Beskikbare parkeerplek (1)
Doeltreffende sekuriteit/toesig (1)
Meer bekostigbare huur/goedkoper grond (1)
Makliker toeganklik (vir kliënte/werknemers)/minder verkeersopeenhopings (1)
Klein aantal winkels wat dieselfde diens bied (1)

1.4.5 Hoe kan die toename in aantal inkopiesentrums in woonbuurte `n negatiewe impak op besighede in SSK he?

Besighede sluit (2)
Eienaars verloor winste (2)
Die waarde van eiendom neem af (2)
Geboue word leeg gelaat (2)
Verminder plaaslike verbruikers/koopkrag (2)
Verhoogde koste (vir sekuriteit / versekering) (2)
Geboue raak vervalle (2)
Beset deur onwettige immigrante (2)
Toename in misdaad (2)
Toename in informele sektor/verhoogde kompetisie (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 Motors/ private voertuie (1) (1 x 1) (1)

1.5.2 Daar word meer motors gebruik (om 60 mense te vervoer) (2) (1 x 2) (2)

1.5.3 Hoe kan verbeterde publieke vervoerstelsels verkeersopeenhopings verminder?

Minder motors op die pad (2)
Beskikbaarheid van openbare vervoer (aanvaar voorbeelde) (2)
Meer doeltreffende openbare vervoer (aanvaar voorbeelde) (2)
Verhoog toeganklikheid (aanvaar voorbeelde) (2)
Toegewyde openbare vervoerbane (aanvaar voorbeelde) (2)
Maak openbare vervoer meer bekostigbaar (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

1.5.4 PARAGRAAF Verduidelik waarom die gebruik van openbare vervoer soos minibustaxi`s en busse `n ekonomiese ongeregtigheid vir pendelaars kan wees.

Dit is duur en het 'n negatiewe invloed op mense se begrotings (aanvaar voorbeelde) (2)
Pendelaars moet soms na verskeie vervoermiddels oorskakel om by die werk te kom/onkostes (2)
Petrolprysstygings beïnvloed die begrotings van pendelaars (2)
Onverantwoordelike bestuurders stel pendelaars se lewens in gevaar wat lei tot (persoonlike) versekeringseise (2)
Die onveilige/onpadwaardige/oorlaaide voertuie kan ongelukke/ beserings (aan pendelaars veroorsaak wat mediese onkostes noodsaak) (aanvaar voorbeelde) (2)
Pendelaars sal laat wees wat werkverliese tot gevolg het (aanvaar voorbeelde) (2)
Geweld/stakings in die openbare vervoerbedryf lei tot verlies aan inkomste (aanvaar voorbeelde) (2)
Onbuigsame werksure beperk pendelaars om oortyd te werk (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

**INSTRUKSIES VIR DEEL NASIEN- MAKSIMUM VIER PUNTE**
Dit is duur (1)
Pendelaars moet soms na verskeie maniere van vervoer verander (1)
Petrolprysstygings (1)
Onverantwoordelike bestuurders stel pendelaars se lewens in gevaar (1)
Die onveilige/onpadwaardige/oorlaaide voertuie (1)
Pendelaars sal laat wees (1)
Geweld/stakings in die openbare vervoerbedryf (1)
Onbuigsame werksure (1)

**[60]**

## VRAAG 2: EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

2.1 2.1.1 primêre (1)

2.1.2 buitelandse valuta (1)

2.1.3 Geotermiese gradiënt (1)

2.1.4 nie-herwinbaar (1)

2.1.5 Noordwes (1)

2.1.6 juwele (1)

2.1.7 Arbeidsonrus (1) (7 x 1) (7)

2.2 2.2.1 B (1)

2.2.2 C (1)

2.2.3 C (1)

2.2.4 A (1)

2.2.5 C (1)

2.2.6 D (1)

2.2.7 B (1)

2.2.8 D (1) (8 x 1) (8)

2.3 2.3.1 Vrystaat (1) (1 x 1) (1)

2.3.2 Meer word vervaardig as wat uitgevoer word (2) (1 x 2) (2)

2.3.3 Waarom het S.A `n groot binnelandse mark vir mielies?

Stapelvoedsel van meeste Suid-Afrikaners/Groot aanvraag (2)
Dit is goedkoop (2)
Toeganklik/Beskikbaar vir die armes (2)
Onverwerkte produk vir industriële produksie (aanvaar voorbeelde) (2)
Bron van kos vir lewende hawe (aanvaar voorbeelde) (2)
Dra by tot voedselsekuriteit (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.3.4 Hoe sal klimaatsfaktore <u>mieleproduksie verminder?</u>

Groei van gewasse word belemmer (2)
Gewasse sal weggewas word (2)
Gewasse sal vernietig/beskadig word (2)
Gewasse sal verbrand word (2)
Gewasse sal uitdroog/verwelk (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.3.5 Verduidelik die ekonomiese belangrikheid van mielieproduksie vir S.A ekonomie.

Uitvoer van mielies bring buitelandse valuta in (aanvaar voorbeelde) (2)
Daar is 'n groot binnelandse mark vir mielies (2)
Mielies word as 'n grondstof in die sekondêre ekonomiese sektor gebruik (aanvaar voorbeelde) (2)
Mielies lewer 'n beduidende bydrae tot die BBP van Suid-Afrika (2)
Mielies is die voorste landbouproduk in Suid-Afrika (2)
Dit skep werk (aanvaar voorbeelde) (2)
Skakelnywerhede word aangemoedig (aanvaar voorbeelde) (2)
Verminder invoer van voedsel (2)
Dit verbeter infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)
Vermenigvuldiger-effek/Meervoudige effek moedig die groei van alle ander sektore aan (aanvaar voorbeelde) (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.4 2.4.1 Hawe (1) (1 x 1) (1)

2.4.2 Sekondêre (1) (1 x 1) (1)

2.4.3 Volkswagen (VW) (1)
Isuzu (1)
Beijing Automotive Group (BAIC) (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

2.4.4 Haal TWEE opskrifte uit koerantopskrifte aan

'Sonkrag sel fabriek (open in Coega NOS') (1)
'Water-boedery: (Coega se nuwe visplaas-sone vorder') (1)
'Nuwe 1 000 MW-gaskrag (plan vir Coega') (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

2.4.5 Hoe sal diversifikasie van nywerhede die arbeidsmag bevoordeel?

Meer werksgeleenthede (2)
'n Verskeidenheid werksgeleenthede beskikbaar (aanvaar voorbeelde) (2)
Arbeidsmag is blootgestel aan 'n verskeidenheid vaardighede (aanvaar voorbeelde (2)
Verbeter vaardighede van arbeiders/ Vierde industriële rewolusie vaardighede (2)
Dit sal geleenthede skep vir die migrasie van geskoolde arbeid- nasionaal en internasionaal om hul vaardighede oor te dra (2)
Verbeterde lewenskwaliteit/beter lewenstandaard (aanvaar voorbeelde) (2)
Vermenigvuldiger effek/Meervoudige effek (2)
Verbeterde infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)
**ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.4.6 Verduidelik waarom die Coega nyweheidsontw sone `n aantreklike ligging vir beleggings deur oorsese maatskappye sal wees?

Dit het 'n diepsee hawe wat groot (vrag) skepe kan hanteer (2)
Die diepsee hawe bevorder uitvoer van goedere (2)
Daar is groot spasie van beskikbare grond vir die konstruksie van (gespesialiseerde) industrieë (2)
Goed-ontwikkelde (verbinde) infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) na ander dele van Suid-Afrika (2)
Die sone verskaf insentiewe (aanvaar voorbeelde) wat oorsee beleggers lok (2)
Toegang tot dienste (aanvaar voorbeelde) verseker 'n effektiewe produksie proses (2)
Goedkoop arbeid verminder produksie-kostes en verhoog winste (2)
Geskoolde/ongeskoolde arbeidsmag beskikbaar om in nywerhede te werk (2)
Beskikbaarheid van alternatiewe energiebronne (aanvaar voorbeelde) skep effektiewe produksie (2)
Beskikbaarheid van skakelnywerhede om die produksieproses te verbeter (2)
**[ENIGE DRIE]** (3 x 2) (6)

**INSTRUKSIES VIR DEEL NASIEN- MAKSIMUM DRIE PUNTE**
Die diepwaterhawe (1)
Daar is groot dele beskikbare grond (1)
Goed ontwikkelde (gekoppelde) infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (1)
Die sone bied aansporings (1)
Toegang tot dienste (aanvaar voorbeelde) (1)
Goedkoop arbeid (1)
Geskoolde/ongeskoolde arbeidsmag (1)
Beskikbaarheid van alternatiewe energiebronne (aanvaar voorbeelde) (1)
Beskikbaarheid van skakelnywerhede (1)

2.5 2.5.1 20 (1) % (1 x 1) (1)

2.5.2
Gee ekonomiese redes wat tot die groot informele sektor in S.A. gelei het

Ekonomiese resessie (aanvaar voorbeelde) (1)
Werkloosheid (aanvaar voorbeelde) (1)
Nie so duur nie (1)
Nie-betaling van addisionele kostes(aanvaar voorbeelde) (1)
Dit is toeganklik (1)
Maak gebruik van informele arbeiders (1)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 1) (2)

2.5.3
Verduidelik die ekonomiese belangrikheid van die informele sektor.

Dit verskaf werksgeleenthede (aanvaar voorbeelde) (2)
Dit verminder die regering se verantwoordelikheid om toelae te verskaf (2)
Aanvraag vir goedere sal produksie verhoog (aanvaar voorbeelde) (2)
Hulle betaal BTW (2)
Toegang tot meer bekostigbare goedere (2)
Skep ekonomies volhoubare (aanvaar voorbeelde) entrepreneurs-idees/vaardighede (2)
Dit bied 'n groter mark vir goedere (aanvaar voorbeelde) (2)
Goedere kan teen 'n bekostigbare prys gekoop word (2)
Gereelde inkomste verminder misdaad (2)
Dra by tot die BBP (2)
**[ENIGE TWEE]** (2 x 2) (4)

2.5.4
PARAGRAAF Stel strategiee voor wat geimplimenteer kan word om die informele sektor te verbeter.

Reguleer die sektor (aanvaar voorbeelde) (2)
Ken aangewese gebiede toe vir hulle om handel te dryf (aanvaar voorbeelde) (2)
Verskaf basiese dienste (aanvaar voorbeelde) (2)
Verskaf infrastruktuur (aanvaar voorbeelde) (2)
Verhoogde sekuriteit vir hul goedere (2)
Skep vennootskappe met die private sektor (aanvaar voorbeelde) (2)
Verbeter vaardighede van entrepreneurs (2)
Toegang tot befondsing (aanvaar voorbeelde) (2)
**[ENIGE VIER]** (4 x 2) (8)

**[60]**

**TOTAAL AFDELING A: 120**

## AFDELING B

## VRAAG 3: GEOGRAFIESE VAARDIGHEDE EN TEGNIEKE

### 3.1 KAARTVAARDIGHEDE EN BEREKENINGE

3.1.1 A (1) (1 x 1) (1)

3.1.2 C (1) (1 x 1) (1)

3.1.3 Afstand
14 (1) cm x 100 (Speling – 13,9 cm – 14,1 cm)
1 400 meter (1) (Speling – 1 390 meter – 1 410 meter) (2 x 1) (2)

3.1.4 Ortofotokaart het 'n groter skaal (5 keer groter) (1) (1 x 1) (1)

3.1.5 Magnetiese deklinasie
Gemiddelde jaarlikse verandering: 12' (1) weswaarts
Totale jaarlikse verandering: 2 x 12 = 24' (1) weswaarts
MD vir 2023: 29°00' + (1) 24' = 29°24' wes van ware noord (1) (4 x 1) (4)

3.1.6 Doel
Om die posisie van ware noord te bepaal (1) (1 x 1) (1)

### 3.2 KAARTINTERPRETASIE

3.2.1 (a) Y (1) (1 x 1) (1)

Gee bewys van die topografiese kaart om jou antwoord te staaf
(b) Kleiner erwe/standplase (2)
Hoër digtheid behuising (2)
Dit is nader aan die nywerhede (2)
Naby spoorlyn (2)
Naby die lughawe (2)
Naby begraafplaas (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.2.2 Voorbeeld van EEN tipe groengordel
(a) Gholfbane (1)
Beboste gebied (1)
Natuurreservaat/beskermde gebied (1)
Ontspanningsarea (aanvaar sportsgronde) (1)
Parke (1)
Rye bome (1)
Bakens Rivier Vallei (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

Hoe sal groengordels die omgewingsongeregtighede verminder?
(b) Verminder geraasbesoedeling (2)
Verminder lugbesoedeling (2)
Dit sal 'n habitat vir ekosisteme bied (2)
Absorbeer koolstofdioksied (2)
Vermeerder suurstof (2)
Beheer kweekhuisgasse (2)
Verlaag temperature/afkoelingseffek (2)
Bevorder biodiversiteit (2)
Verminder erosie (2)
Vloedbeheer (2)
Estetiese aantrekkingskrag (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.2.3 (a) Toegang tot die hawe (1)
Bewys **H** is swaar nywerheid

Naby die spoorlyn (1)
Toegang tot hoofpaaie (1)
Horisontale ontwikkeling van geboue/ Groot geboue (1)
Hoë digtheid van geboue (1)
Groot spasie beskikbare land (1)
Aan die buitewyke (1)
Plat grond (1)
Naby aan waterbron (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

Identifiseer mensgemaakte verskynsel wat uitbreiding verhoed

(b) (North End) begraafplaas (1)
Opgeboude area/ Sydenham/Residensiële area (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

Hoe sal werksgeleenthede geskep deur nywerheids area ekonomies voordelig vir plaaslike area

(c) Verminder werkloosheid/mense sal salarisse verdien (2)
Verhoog die koopkrag (2)
Verskaf mense met nuwe vaardighede (2)
Veelvuldigingseffek/Meervoudige effek (2)
Verbeterde infrastruktuur (2)
Verbetering van basiese dienste (2)
Belastingbasis verbreed (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.2.4 Spasie vir uitbreiding (2)
Waarom lughawe gelee in landelike-stedelike oorgang sone

Geraasbesoedeling (2)
Minder stedelike ontwikkeling (2)
Besorgd oor veiligheid (2)
Plat land (2)
Goedkoper grond (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

## 3.3 GEOGRAFIESE INLIGTINGSTELSEL (GIS)

3.3.1 Bewyse van bufferskepping

Voorbrandstrook (1)
Gholfbaan (1)
Beboste gebied (1)
Beskermde gebied (1)
Oop spasie (1)
Ry bome (1)
Bakens Rivier Vallei (1)
**[ENIGE EEN]** (1 x 1) (1)

3.3.2 Doel van bufferskepping

Dit beheer brand om nie te versprei nie (2)
Verminder geraas/lug/waterbesoedeling (aanvaar voorbeelde) (2)
Beperk oorstromings (2)
Verminder uitbreiding van die woongebied (2)
Beperk ontwikkeling langs die strome (2)
Beskerm die plaaslike gemeenskap (aanvaar voorbeelde) (2)
Beskerm rivier teen gronderosie (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

3.3.3 Data-belaging

'n Laag inligting gebaseer op 'n spesifieke tema (2)
**[KONSEP]** (1 x 2) (2)

**INSTRUKSIES VIR DEEL NASIEN-EEN PUNT**
'n Laag inligting (1)

3.3.4 Vervoer data laag in **B1**

Paaie (aanvaar voorbeelde) (1)
(aanvaar Dowwe pad en voetslaanpad) (1) (1 x 1) (1)
**[ENIGE EEN]**

3.3.5 Waarom data-laag verkeersopeenhoping veroorsaak?

'n Ruit/rooster patroon/ baie kruisings (2)
**[ENIGE EEN]** (1 x 2) (2)

**TOTAAL AFDELING B: 30**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou